

19 JUNIE

SKRIFGEDEELTE: 1 Konings 11: 1-13

FOKUSGEDEELTE: 1 Konings 11:12,13

Genade

Salomo het goed begin met sy begeerte om aan God gehoorsaam te wees maar uiteindelik het sy liefde vir baie vroue sy val bewerk. Hy het nie die geestelike krag gehad om hulle in bedwang te hou nie. Hy het maar prys gegee en hulle toegelaat om hulle gode te dien. En hyself het meegedoen. Soveel so dat God besluit om sy koninkryk tot niet te maak.

Maar dan dink God weer aan sy kneg Dawid en sy geliefde volk en Hy besluit om genade te betoon "ter wille van". Hy sal die geboorte van die Tweede Dawid (Jesus) nie laat skipbreuk lei as gevolg van ontroue mense nie. Die sonde van die Vaders word besoek aan die kinders tot die derde en vierde geslag wie Hom haat, maar sy genade reik tot aan die duisendste geslag van die wat Hom liefhet.

As God se koninkryk van my afhanklik was vir sy voortbestaan, hoe lank sou dit staande bly? Genadiglik is God se liefde veel groter as ons swakhede en daarom het Hy begrip vir ons swakhede. Sy koninkryk bestaan tog uit sondaarmense wat met opregte berou teen hulle sonde stry . Dit is juis die betekenis van Jesus Christus se plaasvervangende werk. Hy leef in my en deur my. Sy lewe word my lewe en my sondige lewe word deur Hom gereinig.

Laat ons dan nie soos Salomo wees wie goed begin het maar wie se liefde vir die wêreldse ons laat struikel nie, maar getrou bly aan ons roeping. AL hoe nader aan die volmaaktheid van Jesus Christus. Nie soos Dawid nie, maar soos Jesus Christus wat tot die dood getrou gebly het aan sy Vader.

Sing : Ps 25 : 2

Ds Attie Venter (Pretoria-Annlin)